
# Ben en Boet

# 5



# Ben en Boet

# 5


1) Die brug……………………………………………………1


2) Op soek na 'n koei ……………………………………4

3) Goeie hond …………………………………………….7

4) Spore in die veld ……………………………………..9


5) Bennie luister ………………………………………… 12

6) Stof in die veld! ………………………………………15


*Prente van honde geleen uit "Jock of the Bushveld".*
*Ander tekeninge deur Heather Oberholzer.*

Hierdie boek behoort aan …………………………………………….




# Die brug





Ben en Boet is besig in die veld. Hulle is besig om paaie vir hulle draadkarre te skraap.

"Miskien gaan ons 'n sleepwa vir die lorrie maak," sê Ben. "Die paaie moet wyd genoeg wees."



"Ja," sê Boet, en glimlag. Hy hou van die idee van 'n sleepwa vir die lorrie. Daarop kan hulle blikke en klippe en baie ander dinge laai.

Toe kom hulle by 'n klein droë slootjie in die veld.

Die slootjie is net kniediep, maar dit is te nou vir die lorrie om daar deur te kan ry.

"Wat gaan ons doen, Ben?" vra Boet.

"Hier het ons 'n brug nodig," besluit Ben. "Wat kan ons vir die brug gebruik? Dit moet sterk wees."

Hulle gaan terug huis toe om iets te soek.

Daar lê 'n paar ou houtplanke agter die hoenderhok. Hulle kies twee lang breë planke wat miskien oor die slootjie sal pas.

Hulle hardloop terug met die planke, en lê dit versigtig oor die droë slootjie. Met klippe grawe hulle die grond aan elke kant sodat die planke heeltemaal plat lê. Dit lyk goed en stewig.


"Kom ons ry nou!" sê Ben. Hy wil graag die nuwe brug toets.

Ben ry met die groot lorrie versigtig oor die planke. Die brug is reg. Dit is sterk genoeg,


nie te nou nie en ook nie te breed nie. Die draadkarre raas oor die brug, en Ben en Boet lag lekker.

“Ons het ’n sterk brug gebou,” sê Boet.

Hulle ry met die groot lorrie en die ou draadkar op die nuwe paaie.  Hulle ry vinnig op die reguit paaie, maar stadiger om die draaie. En oral waar hulle gaan, loop Boet se hond, Bennie, saam.



Tussen die veldbossies en klippe maak die paaie skerp draaie, en tussen die bossies en klippe ry die draadkarre.  Ben en Boet gooi esse met die karre as hulle om die draaie ry.  Dis baie lekker!



# Op soek na 'n koei






Ben en Boet gaan veld toe. Bennie loop saam. Boet se pa het hulle gevra om 'n koei te gaan soek.

Hulle soek haar in die dik bos langs die rivier, waar die lang gras groei. Hulle kan haar nie vind nie.

"Kruip sy vir ons weg?" vra Ben.

Boet skud sy kop. "Sy moet êrens hier wees. Die beeste hou van die lang gras hier langs die rivier."



Hulle kan die koei nie vind nie. Hulle soek lank, en raak moeg.

Dit is moeilik om deur die dik bos te beweeg. Doringbosse staan dikwels in hul pad. Die doringtakke krap hulle.

"Miskien moet ons in die rivier loop," sê Ben.


"Goed," sê Boet. "Kom, Bennie."

Hulle loop op die droë sand in die sloot. Aan beide kante van die rivier is die bosse hoog en dik. Hulle loop en loop, maar kan die koei nie vind nie.

Die rivier maak 'n draai, en daar sien hulle groot spore in die sand.



Die spore is vars. Boet is bly.



"Kyk," sê hy, "Hierdie is seker die koei se spoor. Nou sal ons haar kry."

Hulle volg die spoor. Die sand is fyn en sag en die spoor is maklik om te sien.


Rotse en klippe lê in die droë rivier, maar die koei het verkies om op die sagte sand te loop.


Terwyl hulle die spoor volg, sien Ben en Boet soms klein spoortjies in die sand.



"Meerkatjie of muishond?" vra Ben.  Boet weet nie.

Hulle vind 'n paar ystervarkpenne wat op die grond lê.






Ben wens hy kan eendag 'n regte ystervark sien – 'n ystervark wat se penne regop staan.


Skielik draai die koei se spoor uit die droë sloot uit, en verdwyn in die dik bos langs die rivier.

"Ons sal sukkel om hier deur te kom," sê Boet. "Ons kan ook nie meer die spoor sien nie.  Nou gaan dit moeilik wees om die koei te vind."



## **Goeie hond** 

Toe sien Ben en Boet vir Bennie.



Die hond loop met sy neus teen die grond, en volg die spoor waar dit uit die rivier uitdraai. Vol selfvertroue volg Bennie die spoor die dik bos in.

"Kom ons volg hom," sê Boet.

Hulle volg die hond deur die dik bos. Dis moeilik om tussen die groot doringbosse te loop.

Hulle kan nie by hou nie.  Bennie verdwyn.  Ben en Boet kan nie vêr sien nie.  Die bos is te dik.


Die spoor het verdwyn.  Die hond ook.  Die twee seuns weet nie in watter rigting hulle moet loop nie.

Skielik hoor hulle Bennie blaf. Diep in die bos hoor hulle die geblaf.  Sukkel-sukkel druk hulle

in daardie rigting waar die geblaf vandaan kom.

Die hond blaf en blaf.  Ben en Boet kan hoor dat hulle nader kom.

Uiteindelik kom hulle by 'n oop plek uit.  Daar in die lang gras staan die koei!  Ben en Boet is baie bly om haar te sien.



Bennie staan voor haar en blaf.  Die groot ou koei staan en kyk vir hom kwaai aan.

Toe Bennie vir Boet sien, hou hy op met blaf en kom na hom toe.

"Goeie hond!"  Boet vryf sy kop. "Jy het vir ons die koei gevind!"

Ben lag. "Goeie hond!" sê hy ook.

Bennie waai sy kort stertjie.  Hy lyk trots.


"Kom, Bennie," sê Boet. "Nou kan jy ons help om hierdie ou koei huis toe te jaag."

# Spore in die veld






Ben en Boet en Bennie loop in die oop veld en jaag die koei stadig huis toe. Dis vêr, en die koei wil nie vinnig loop nie.



Dis 'n mooi dag. Die son skyn en die veld lyk pragtig.

Bennie kyk nie na die mooi veld nie.



Hy loop met sy neus teen die grond. Hy soek spore.

Vir 'n oomblik staan hy stil. Hy ruik iets.




"Kyk, dis 'n koedoespoor," sê Boet. "Maar dis 'n ou spoor. Die koedoe is al lankal weg."




Bennie is ook weg.  Hy weet dis 'n ou spoor. Hy soek reeds iets anders.

Ben en Boet jaag die ou koei stadig aan.

Skielik hoor hulle iets in 'n bos langs hulle, en 'n steenbokkie spring weg.  Bennie hardloop agter hom aan.



Die steenbokkie is baie vinnig, te vinnig vir die hond.  Bennie hardloop vêr agter hom aan, maar hy kan hom nie vang nie.



Na 'n rukkie kom hy terug.

"Jy is moeg, Bennie!" sê Boet vir hom.  "Daardie bokkie is te vinnig vir jou!"  Hulle lag lekker.

Bennie loop weer met sy neus teen die grond.


"Wat ruik jy nou, Bennie?" vra Ben.



"Miskien ruik hy 'n hasie," sê Boet. "Of miskien 'n meerkatjie se spoor. Daar is baie meerkatjies in die veld."

"Hier op die plaas is dit baie lekker vir Bennie," lag Ben. Hy is bly dat hy een van sy hond, Witvoet, se hondjies vir Boet gegee het.

Die koei wil nie vinnig loop nie. Die twee seuns jaag haar stadig aan.




# Bennie luister 

Dit is interessant om in die oop veld te stap. Ben en Boet sien oral die tekens van diere wat daar woon.

Terwyl hulle stap vind hulle 'n plek waar 'n dier diep gegrawe het.  Daar lê 'n groot hoop grond langs die donker gat.

Bennie stel eers belang, maar toe loop hy weg.

"Die erdvark is nie meer hier nie," sê Boet.




Dit is ook een van die diere wat Ben nog nooit gesien het nie.  Hy wil graag.

Hulle jaag die koei stadig aan. Skielik begin Bennie om weg te hardloop.

"Sien jy 'n aap, Bennie?" lag Ben.


Boet skud sy kop en wys met sy vinger.

"Kyk daar - ons is naby die dassiekrans. Kyk hoe sit die dassies daar op die rotse in die son."



Bennie hardloop deur die veld na die dassiekrans toe. Ben en Boet sien hoe die dassies skarrel om tussen die rotse weg te kruip.

Bennie jaag agter hulle aan. Hy hardloop heen en weer op die rotse, baie opgewonde, en blaf en blaf.



Ben en Boet staan en kyk. Die koei begin te wei. Bennie hardloop heen en weer op die rotse.

Ben en Boet wag.

Na 'n rukkie roep Boet hom, "Bennie! Kom Bennie!"


Bennie is 'n goeie hond.  Hy luister.  Hy hou op met blaf.  Hy los die dassies en kom gou terug. Hy kom loop weer saam met sy baas.

"Goeie hond!" sê Boet.  Hy is trots op sy hond

dat hy so gehoorsaam is.


Bennie se tong hang uit. Hy is moeg gehardloop. Sy stertjie waai.  Dit lyk asof hy dit baie geniet het om daardie stoute dassies te jaag!






# Stof in die veld





Die veld is vol voertuie!

Ben en Boet het nog 'n mooi draadkarlorrie gemaak, en ook 'n lang sleepwa.



Ander plaaskinders ry met Ben en Boet se ou draadkarre. Almal ry op die draadkarpaaie dat die stof in die lug hang.

Hulle ry oor die plankbrug, en lag toe hulle hoor hoe raas die karre as hulle agtermekaar oor die brug ry.

Ben ry met die nuwe draadkarlorrie en sleepwa. Boet ry met die eerste lorrie wat hulle gemaak het.

Na ’n rukkie stop hulle om asem te haal.

“Boet,” sê Ben. “Weet jy wat? Ons draadkarre het nie motorhuise nie. Kom ons bou motorhuise vir hulle.”

Daar lê baie klippe langs die draadkarpaaie.




Ben en Boet werk saam. Dit is maklik om ’n plek langs die pad oop te skraap, en klippe op die grond in netjiese rye neer te lê. Die klippe is die mure van die motorhuise.

“Hierdie nuwe lorrie met sy sleepwa moet ’n baie lang motorhuis kry!” sê Ben.

Boet spring op. “Ek sal meer klippe gaan haal!”

Hy ry met die ou lorrie na 'n klipperige plek en laai die bak vol klippe. Hy is bly dat hy en Ben die lorrie so mooi sterk gebou het.

Hy bring die klippe na die plek waar Ben besig is om die grootste motorhuis te bou.



“Aha!” sê Ben. “Nou gaan ons gou klaar wees!” Boet is bly.

Almal bou motorhuise totdat elke draadkar 'n netjiese parkeerplek langs die pad het. Die kinders spog met die motorhuise wat hulle gebou het, en ry met die karre by die motorhuise in.

Boet se ma en pa kom kyk. Hulle is trots op Ben en Boet wat sulke mooi draadkarre gebou het.

Die plaaskinders geniet dit om die draadkarre by die motorhuise in en uit te ry.

Toe jaag almal weer op en af met die karre op die veldpaaie. Dit is nou Boet se beurt om met die nuwe lorrie en sleepwa te ry. Die ander kinders jaag agterna met die ou draadkarre, wat hulle met blikke en klippe gelaai het. Die blikke en klippe raas, en die stof hang in die lug.

Bennie hardloop saam op en af en probeer om deel te neem, want hy kan sien dat almal groot pret het en kan hoor hoe lag hulle van lekker kry.

